

17 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 1 (OAV en NAV)

Net een weg

Die boek Psalms moet as 'n geheelheid gelees word. Psalm 1 is die inleiding en Psalm 150 die slot. Calvyn het gereken dat Esra moontlik Psalm 1 doelbewus eerste en Psalm 150 laaste in die Psalmbundel geplaas het. Psalm 1 stel die mens midde-in die werklikheid van die lewe. Daar is slegs twee weë, lynreg teenoor mekaar: die weg van die regverdige en dié van die goddelose; of, die weg van die Here en dié van Satan. Die mens kan onmoontlik albei weë bewandel. Gevolglik is die mens se hele lewe van begin tot end onderworpe aan keuses. My lewenskeuses weerspieël die egtheid van my geloof, maar al my keuses is nie altyd sigbaar en aan ander bekend nie, want daar is ook keuses in my gedagtes waarvan nét ek persoonlik weet!

Wie doelbewus onreg vermy (vers 1) en doelgerig daarna streef om daadwerklik volgens die Woord van die Here te leef (vers 2), word beskryf as 'n geseënde. Hierdie seën mag egter nie bloot beperk word tot voorspoed en vrede hier op aarde nie. Intendeel, dit mag gebeur dat 'n geseënde mens juis bitter swaar ly hier op aarde. Waaraan ons egter wél kan vashou, is dat 'n geseënde mens letterlik in die liefde van die Here toegevoeg is. Dít is die diepste betekenis van *deur die Here geseën te wees*. Wie egter aanhoudend doelbewus in stryd met God se wil lewe, probeer om sonder die Here in hierdie lewe reg te kom. Wee hom wat in kwaaddoen bly volhard! Die weg van die goddelose lei tot die ewige dood.

Die weg van die regverdige is 'n weg van navolging. Het Christus dan nie self gesê dat Hy die enigste weg is nie? Deur Hom alleen het ons vrye toegang tot die hemel. Hy het vir ons die weg na die ewige lewe oor Golgota heen gebaan. Nou is ons doelgerig op pad na ons ewige Vaderhuis. Ja, ons volg Christus na op pad daarheen. Elke oomblik volg ons ons Here se voorbeeld in alles na op die pad. Dít is die geseënde weg van die regverdige. Dít is die dankbaarheidsweg!

Sing: Psalm 1:1 Ds SP van der Schyff (Potchefstroom-Moorivier)